# Die Drie Golgotas

## Die Brood

Koos van der merwe | Eden Gemeente | 30 Maart 2025

Ons is op pad na Pase toe, die grootste ding wat ooit in hierdie wêreld gebeur het: God die Seun, wat mens soos ons geword het, vir ons kom sterf het sodat ons kan lewe, en die dood vir ons oorwin het sodat die dood ons nie sal oorwin nie.

Maar dis nie net op daardie Vrydag dat Jesus skielik bereid was om te sterf nie. Hy het sy dood dikwels voorspel. En ook dikwels verwys na sy soort lewe as ’n lewe wat ’n kruis dra. ’n Lewe wat bestaan uit ’n aanhoudende *doodgaan en opstanding uit die dood*. En Hy roep volgelinge om húlle kruis op te neem, om opgeneem te word in sy soort lewe.

Daarom praat ons vir drie weke oor Jesus se dood vóór sy dood. Ons praat oor sy lewe van oorgawe, sy lewe wat nie draai om sy eie belange nie, maar om sy Vader se wil. Sy lewe wat daaroor gaan dat mense gered, gehelp, vergewe, genees kan word. Vir drie weke kyk ons na hoe die versoeking van Jesus in die woestyn ’n voorbeeld is van sy dood voor sy dood… as’t ware die eerste Golgota. Ons begin vandag deur oor een aspek van die versoeking te dink, die versoeking om uit klippe brood te maak.

**Matthéüs 4:1-11**

Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel.

2 En nadat Hy veertig dae en veertig nagte gevas het, het Hy naderhand honger geword.

3 En die versoeker het na Hom gekom en gesê: As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word.

4 Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan…

**Toe… ’n baie belangrike woord**

Die verhaal van Jesus se versoeking is nie bloot ’n metafoor, of ’n gedig, of ’n geestelike alegorie nie, dis ’n verslag van iets wat werklik, op ’n baie spesifieke tyd en plek gebeur het.

En ’n mens kan hierdie eenvoudige woordjie, *toe,* waar dit in die verslag geplaas is, se belangrikheid nie genoeg beklemtoon nie. Wat is die doel van hierdie woord op hierdie plek in die verhaal? Dit koppel twee dinge wat in die verhaal gebeur het aan mekaar, die *versoeking*, en die *doop* wat dit voorafgaan. Daarom moet ons ookdie verslag oor Jesus se doop lees:

**Matthéüs 3:13-17**

13 Toe het Jesus van Galiléa na die Jordaan, na Johannes gekom om deur hom gedoop te word...

En as jy een van daardie hiperlogiese soort mense is, dan wil jy nie hê ek moet nou verder lees nie. Hoekom nie? Want hierdie deel van die verhaal begin ook met dieselfde woord: *toe*...!

Jy is heeltemal reg. Dis ook ’n baie belangrike *toe,* want die deel van die verhaal voor die *toe* van Jesus se doop, is die verslag van Fariseërs en die Saduseërs wat ook na Johannes toe gegaan het om deur hom gedoop te word. Maar Johannes is woedend. Hy skel op hulle. Noem hulle *Addergeslag,* kinders van slange, ’n uitdrukking wat beteken het iemand is ’n kind van die duiwel. Hoekom is Johannes die Doper so ontsteld?

Om tyd te spaar gaan ek nie uitbrei oor presies wie hulle was nie, behalwe dat hulle geestelike leiers was, baie ingesteld op hulle beeld. En baie belangrik van altwee hierdie groepe leiers: Alhoewel hulle mekaar nie kon verdra nie, was hulle saamgesnoer deur hulle vyandig-gesindheid teenoor Jesus.

Johannes is ontsteld. Mense wat oorweeg om gedoop te word, maar niks met Jesus te doen wil hê nie. Wat die doop as ’n prestasie sien, wat hulle aansien ’n hupstoot sou gee, iets waarvoor hulle geestelikheid en toewyding bewonder sou word. Terwyl hulle blind is vir die ware donker toestand van hulle siel. Hulle gebruik die doop om hulle beeld te poets.

Dis waarna die eerste *toe* in Matthéüs se verhaal oor Jesus se doop verwys. Die woede van Johannes oor die Fariseërs en die Sadduseërs wat gedoop wil word. Die *toe* waarmee die versoekingverhaal begin verwys terug na Jesus se doop. Kom ons lees verder. Want weer sien ons ’n reaksie van Johannes. Ook vir Jesus wil hy nie doop nie. Nie uit woede nie, maar uit verbasing en verwarring. Hoe kan die sondelose Redder toelaat dat mense dink Hy het die doop nodig? Net die teenoorgestelde as die Fariseërs, hulle poets hulle beeld, Jesus gee sy beeld prys.

14Maar Johannes het Hom ernstig teëgegaan en gesê: Ek het nodig om deur U gedoop te word, en kom U na my toe?

15Maar Jesus het geantwoord en vir hom gesê: Laat dit nou toe, want só pas dit ons om alle geregtigheid te vervul. Daarna het hy Hom toegelaat.

Oor vers 14-15 sal ons sal ons later praat, maar vir ons eerste gedagte is vers 16-17 baie belangrik…

16En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos ’n duif neerdaal en op Hom kom.

17En daar kom ’n stem uit die hemel wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek ’n welbehae het.

Na hierdie groot oomblik in Jesus se lewe, Hy sien, in ’n visioen hoe die Gees van God oor Hom kom, soos ’n duif (let wel nie *as ’n duif nie*), en ’n hemelse stem wat getuig van sy Vader se liefde en guns. ’n Geestelike hoogtepunt. ’n Diep ontmoeting… en…

En wat? En *TOE*…

Toe kom die versoeking. Eers ’n stem uit die hemel. En toe ’n stem uit die hel. Markus gebruik die woord *onmiddelik*… Eers versterking en bevestiging, en *toe*, onmiddelik, konflik, stryd. Eers vreugde en sterkte en *toe*, honger, swakheid en beproewing. Eers die water, en *toe*, die woestyn. Eers die Duif, en *toe*, die Slang…

Maar die woestyn kom nie as weerspreking van die doop en die Gees nie, dit kom as gevolg van die doop en die Gees. Dis die Gees wat Jesus die woestyn in lei om te vas en die versoeking te weerstaan.

Wat beteken dit vir my en jou?

Dit maak ons nugter. Ons almal voel onderliggend dat hoe meer ek opreg lewe om God te behaag (my Seun in Wie Ek ’n welbehae het…) hoe meer sal my lewe vol vreugde, vrede en oorvloed wees. En in dieselfde trant, wanneer my lewe vol goeie dinge is, dan voel ek dit moet wees dat die Here ’n behae het in hoe ek lewe: my dissiplines, my toewyding, my onselfsugtige omgee…

Maar hier is die mees toegewyde persoon ooit, ’n stem uit die hemel bevestig hoe sy Vader in Hom ’n behae het, en *toe*…

Dit gee my ’n ander perspektief op die goeie seisoene in my lewe. Natuurlik, ek is dankbaar, geen mens verdien enige goeie ding nie, maar ook, ek is waaksaam en realisties, op alle tye van welbehae volg ’n *toe*…

Dit gee my ook moed wanneer die woestyn kom. Hierdie woestyn beteken nie noodwendig ek is buite God se wil nie. Dit beteken nie noodwendig ek het ’n deur vir die Bose oopgemaak nie. Dit mag soms wel die rede wees, maar nie noodwendig nie.

Dit maak my ook minder veroordelend as ander deur moeilike tye gaan. In ons almal is die onbewuste geneigdheid om te vermoed die persoon se stryd is die gevolg van sy swakheid of sondigheid, ’n versteekte oorsaak wat hy nie wil erken nie…

Jesus se versoeking maak ons realisties, en genadig teenoor ander, en nederig oor onsself.

Dit maak my waaksaam, veral wanneer ek goeie voornemens het, of nuwe besluite maak en nuwe dissiplines begin beoefen. Hoe dikwels, net nadat jy begin het om die Here se stem te gehoorsaam oor vrygewigheid, skielik kom finansiële uitdagings,… Hoe dikwels, net nadat jy besluit het om meer liefdevol, belangstellend en ondersteunend te wees teenoor jou man of vrou, skielik daar nuwe spanning in jou huwelik. Hoe dikwels, net nadat jy besluit het op meer gereeld stiltetye of ’n fiksheidsroetine, skielik voel dit jou aande en oggende, die gejaagdheid en moegheid wil jou oorweldig. Die *toe* in Jesus se versoeking sê, “Moenie toelaat dat dit jou ontmoedig en laat ophou nie. Onthou in sulke tye die water en die woestyn, die stem uit die hemel en die sttem uit die hel, word verbind deur hierdie baie kort woordjie…*toe*.

Ware Christenskap is ’n geveg, ’n stryd wat eers sal ophou as jy nie meer in hierdie liggaam is nie. Omdat God sal jou nie los soos jy is nie. Hy wil jou vorm. Hy wil elke donker deel van jou lewe verwyder en verander soos ’n beeldhouer wat kap aan ’n stuk klip totdat die kunswerk voltooi is.

Maar nie net dit nie, ook omdat iemand anders jou nie wil los soos jy is nie, hy wil elke donker deel van jou lewe laat groei totdat dit jou vernietig het.

En dit is die tweede ding wat ons sien in Jesus se versoeking…

## Satan… ’n werklike vyand

Almal wat die Evangelies erken as ’n getroue verslag van Jesus se leringe sal erken dat Jesus bedoel het wat Hy telkens gesê het, naamlik dat ’n bose wese met bonatuurlike vermoëns bestaan wat ’n baie groot, alhoewel beperkte invloed op die gedagtes en dade van mense uitoefen.

Elke dag as ek bid (en ek gebruik die Onse Vader as riglyn vir my gebede), en ek kom by Jesus se raad dat ek moet bid dat die Vader ons van die Bose moet verlos, dan is ek bewus van hoe geestelikes in die eerste eeue dit gebid het. Nie soos sommiges dit vandag verduidelik nie, dat Jesus bloot bedoel het dat ons moet bid om nie toe te gee aan verkeerde neigings in onsself of ons kultuur ensovoorts nie, boosheid as ’n abstrakte idee. Nee, vir eeue het geestelikes geleer dat gelowiges bewus moet bly van aanslae van die duiwel self en daarom moet bid soos Jesus ons geleer het, *verlos ons van die Bose*.

Jesus self het dit sonder enige onduidelikheid gesê dat die Bose ’n persoon is, en ’n baie gevaarlike, misleidende, vernietigende persoon.

### Johannes 8:44

Julle is kinders van die duiwel; hy is julle vader, en julle wil doen wat julle vader wil hê julle moet doen. Hy was van die begin af ’n moordenaar. En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy leuentaal praat, is dit volgens sy aard, want hy is ’n leuenaar en die vader van die leuen.

Paulus sê hierdie persoon oefen mag uit oor ’n misleidende domein. Hy het onderdane wat, soos die duiwel self, nie wil buig onder God se gesag en waarheid nie. Dat daar ’n invloed in hierdie wêreld is, wat elke mens se gedagtes, begeertes, idees, verhoudings, gesindhede, en die van elke paartjie en gesin, elke regering, elke organisasie, subtiel beïnvloed.

Om te dink dit was bloot weens sosiologiese redes dat net een mens soos Hitler met ’n paar vreemde ras-idees en ’n charismatiese persoonlikheid uiteindelik verantwoordelik kon wees dat tussen 70 en 85 miljoen mense sou sterf… Dis bloot naïef. Hitler, ja hy sal self verantwoording doen, maar sy lewe was ’n reeks keuses, stukkkie vir stukkie het hy oorgegee aan idees, invloede van die een wat Jesus ’n mensemoordenaar noem.

Johannes sê die donker dinge wat ’n mens doen, is direk gekoppel aan die invloed van die duiwel.

**1 Johannes 3:8**

8Maar iemand wat aanhou sonde doen, is ’n kind van die duiwel, want dit is die duiwel wat van die begin af sonde doen. Maar die Seun van God het juis gekom om ’n einde te maak aan alles wat die duiwel doen.

Johannes is ernstig, om ’n soort geloof te hê wat nie ’n impak het op my gewoontes nie, op my swakhede en donkerte nie, is ’n misleiding. Wat beteken dit wat Johannes en Jesus sê, dat ’n mens ’n kind van die duiwel kan wees? Wat is ’n kind? ’n Kind is iemand wie se koers, se besluite, se idees en gewete gevorm word deur sy ouers se begeertes en invloed. In hierdie sin kan ’n mens ’n kind van die duiwel wees.

Die hele Nuwe Testament is vol waarskuwings om hierdie persoon se doel en planne om jou te beïnvloed en vernietig nie te onderskat nie. Sonder om kommentaar te lewer, kom ons gee net ’n vlugtige blik op van die verse:

**1 Petrus 5:8-9**

8Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos ’n brullende leeu, op soek
na iemand om te verslind.
9Bly standvastig in die geloof en staan hom teë.

**Efesiërs 6:11-12**

11Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die
listige aanslae van die duiwel.
12Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en
gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug.

**Jakobus 4:7**

Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug.

**2 Korinthiërs 11:14**

Satan self doen hom voor as ’n engel van die lig.

**Lukas 22:31-32**

31 Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif.

32 Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie; en as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broeders versterk.

**Jy het 'n werklike vyand. Hy wil jou werklik vernietig. Hy wil jou huwelik steel. Ook jou geloof. Ook letterlik jou lewe.**

- Hy sal baie graag wil hê dat jy met 'n valse gerustheid moet leef, asof gelowiges meer beskermd is as ongelowiges wanneer hulle byvoorbeeld ná 'n bottel wyn motor bestuur. Hy sal baie graag wil hê dat jy Jesus se woorde dat hy 'n mensemoordenaar is nie letterlik moet opneem nie.
- Hy sal wil hê dat jy nie aan 'n flirtasie as gevaarlik moet dink nie.
- Of aan jou liggaamlike gesondheid moet aandag gee nie.
- Hy sal wil hê jy dat jy aan die dinge in jou lewe wat jy weet nie reg is, moet dink as bloot menslik, of as iets wat jy nie regtig kan verhelp nie, of as iets waaraan jy wel nog wil aandag gee, jy is net nóú op so 'n plek nie.
- Hy sal wil hê dat jy nie aan stiltetye, toewyding, 'n liefde vir die Skrif, getrouheid aan die Here se werk in en deur 'n gemeente as lewensbelangrik dink nie.
- En natuurlik sal hy wil hê jy moet jou eie redes hê hoekom sekere voorskrifte in die Bybel in jou situasie nie geld nie.

Jesus is deur 'n werklike persoon in die woestyn versoek. Al sou dit nie noodwendig 'n regte verskyning gewees het nie. Die innerlike gedagtes, die bose suggesties, was die invloed van 'n persoon met uitsonderlike vermoëns, 'n intellek, 'n verstaan van die mens se behoeftes, swakhede en onkunde.

En vir Jesus was dit werklik 'n versoeking. Juis omdat hierdie wese oor soveel insig en vermoëns beskik. Dit sal dwaas wees om te dink hierdie was maar net 'n mitiese verhaal en dit het niks met jou te doen nie. Dit is presies wat die Bose wil hê.

Hy is 'n werlike vyand...

Die laaste ding waaraan ons vandag dink is brood...

**Brood... 'n baie groot versoeking**

Dat die eerste aanslag van die Bose te doen het met iets so gewoon, so basies, so aards en so menslik as honger en brood is glad nie toevallig nie. Kos was ook die eerste versoeking van die heel eerste mense in Genesis.

Die feit dat Jesus se eerste versoeking te doen het met brood (en natuurlik ook sy eerste wonderwerk met wyn), moet ons heel eerste laat besef dat die geestelike, of innerlike nooit van die liggaamlike of aardse geskei kan word nie.

Die tyd waarin ons leef het in 'n groot mate 'n verdraaide manier van lewe as normaal begin aanvaar. 'n Soort van gesegmenteerde lewe, "Hier is my sosiale lewe. En hier my emosionele lewe. Hier weer my finansiële lewe. En dan natuurlik my gesinslewe. Of my seksuele lewe. En natuurlik ook my spiritualiteit."

Die subtiele invloed van die bose is om die aspekte van jou menswees te skei, asof elkeen afsonderlik van die ander is, "Ek kan seksueel losbandig wees, maar tog geestelik opreg. My lyf, my tafel, my beursie, my geloof, elkeen het sy eie plek, en natuurlik ook my spiritualiteit of geloof."

So draai ons die Onse Vader om, "Laat u wil geskied, soos op die aarde, so ook in die hemel..." Die geestelike het nie beheer oor die fisiese nie, die geestelike is verwyderd. Die gevolg is dat die onmiddelike, die hier en nou, my aardse behoeftes altyd die sê sal hê...

Met die versoeking dat Jesus brood uit klippe moet maak, sien dit, die Bose wil die geestelike skei van die onmiddelike fisiese, "Wag eers met 'n hoër stem, luister na die onmiddelike stem, die behoefte hier en nou. Gód het tog jou liggaam geskape, hoekom sou Hy wil verhinder dat jy na die stem, die onmiddelike drange van jou liggaam luister?"

Dis een van die groot slaggate in die broodversoeking.

- In elke seksuele sonde is hierdie stem. As jou lyf nou honger is gee hom sy brood.
- In elke oneerlike finansiële transaksie is dieselfde stem, jy het nóú 'n uitkoms nodig, jou onmiddelike nood het die sê.
- Elke woede-uitbarsting is die toegee aan hierdie stem, die adrenalien in jou lyf vra nóú aksie, die druk is nóú, jy kan nie anders nie, jy het hierdie uitbarsting nodig.

Elke keer as die onmiddelike honger vir brood geskei word van die honger vir God se stem, kry

die Hier altyd die oorhand het oor die Daar. Elke keer sal die Laag die Hoog marginaliseer, en uitskakel. Die aarde se stem, as jy hom toelaat, sal altyd die hemel se stem stilmaak.

Kom ons sluit af. Jesus sien deur die Bose se sluwe aanslag. Wat is in daardie oomblik op die spel?

As Jesus sy onmiddelike behoefte aan brood met ’n bonatuurlike wonderwerk sou versadig sou die hele saligheidsplan in duie stort. Want wat Jesus se eie aardse lewe, sy eie persoonlike behoeftes betref moes Hy alle Goddelike voorregte afstaan. Hoekom? Omdat Hy as mens, as gewone mens, in die plek van elke gewone mens gekom het om in ons plek te sterf. Die misterie van die evangelie, die offer van die lam.

Jesus het slegs bonatuurlike dinge gedoen as Hy daardeur mense gehelp het. Die boodskap, “God wil julle heel maak en red.” Nooit het Hy sy Goddelike vermoëns gebruik om in sy eie menslike behoeftes te voorsien nie. Want Hy moes as gewone mens die skade wat die Bose aan die mensdom kom doen het herstel.

Jesus het gekom om brood te gee, brood te wees, en brood wat in my plek gebreek sou word.

As Hy daar in die woestyn sy menslikheid vir een oomblik in sy eie belang opsy geskuif het, sou Hy nie as gewone mens die prys vir die mensdom kon betaal nie. Die evangelie was daardie dag op die spel.

Ons het begin met die woordjie *toe*. Die versoeking het op die doop gevolg. Jesus laat hom doop soos ’n gewone mens. Hy sê in 14-15 vir Johannes, “Jy moet my doop, asof ek net ’n mens is, en ’n sondaar, asof ek afgewas moet word, want ek moet jou plek inneem. Hierdie is die begin van die groot Paaswonder, die geregtigheid wat God bewerkstellig.”

En so, elke Sondag as ons die Nagmaalbrood eet en die wyn drink, dank ons die Here dat Hy sy eie behoeftes eenkant geskuif het om aan my behoeftes te dink. Dat Hy die brood waarna sy liggaam geroep het prysgegee het sodat sy liggaam self die Brood kon word.

Vra Hom vandag om jou te help, om in jou te leef, sodat ook jy kan sê, “My behoeftes, my drange, my omstandighede, my instinkte, my DNS, my persoonlikheid, my kultuur het nie voorrang bo God se stem nie. Geen stem bepaal my lewe nie, net God se stem—geen stem in myself, geen aardse stem wat my wil verlei om ten alle koste die brood te gryp waarna die

aardsheid in my honger nie. Ek eet die ware Brood wat vir my gebreek is, en ek vra Hom om my te help om sy soort lewe te leef."

**Kom ons reis hierdie week met 'n bewustheid van waaksaamheid.**

DUN PLEK

op die dun plek

tussen lig en donker

daar waar die mespunt is

tussen staan en val

op die fyn lyn

tussen triomf en tragedie

daar waar eer en skande

albei o so moontlik is

daar bestaan ek uurliks

meestal onwetend